



Die literariteit van die sogenaamde “verhalende element” in tradisionele heroïese Sothopoësie – ’n intertekstuele ondersoek

W.J. Pretorius
Departement Afrikatale
Randse Afrikaanse Universiteit
JOHANNESBURG
E-pos: LCPO@LW.RAU.ac.za

Abstract

The literariness of the so-called “narrative element” in traditional heroic Sotho poetry – an intertextual analysis

*This article focuses on the “literariness” of the so-called narrative lines that feature prominently in traditional Sotho heroic poetry, better known as **dithoko**. By means of some intertextual references it has been illustrated that these lines do not merely convey historical detail by means of “ordinary informative” language. The recalling of historical events, is rather characterised by a reconstruction of activities in a poetic context, based on certain referential codes dominated by a specific cultural tradition.*

*The poetic nature of these lines is not only created by the use of well-known poetic devices such as imagery and rhythm, but also by the selective use of allusion which defamiliarizes communicative language usage. By alluding to historical actions, the traditional poet attempts to create a specific aesthetic convention rather than a mere factual one. Real events in these narrative lines are often camouflaged by defamiliarized language and the presentation of fictional creations. The analysis of a few examples from **dithoko** that are related to certain historical events clearly indicates that these narrative lines should be evaluated against the background of specific literary conventions and literary codes.*

1. Inleiding

Dit word algemeen aanvaar dat literatuur, en in besonder die poësie, die kodes en konvensies van die taal herbewerk en potensieel afwykend oor ’n spektrum van dimensies is. Die effek van hierdie afwykings, wat dikwels oor verskeie taaldissiplines strek, is dat die leser of hoorder in staat gestel word om vanuit vreemde en onthullende hoeke op ’n nuwe, vars wyse na die omringende wêreld te kyk.

Montgomery e.a. (1992:121) vat hierdie visie soos volg saam:

In everyday communication we are usually content to leave intact the limits of our language and therefore of our world. Literature, by contrast extends the boundaries of our taken-for-granted world and allows us to think and feel it afresh by systematically deviating from conventional linguistic practices and habitual modes of expression.

2. Doelstelling

Die doel met dié artikel is om aan te toon dat “verhalende” of “feitelike” reëls, wat ’n belangrike onderbou van die Sotho-prysgedig en merendeels ’n toespeling op bepaalde historiese gebeure is, gekenmerk word deur gedeoutomatiseerde taalgebruik – wat neerkom op ’n bewustelike patroonverbreking van ’n alledaagse inligtingsproses of van kommunikatiewe taal. Hierdie vervreemding van gewone taal lê op die vlak van die literêre diskoers en die hoofdoel met hierdie artikel is juis om aan te toon hoe die prysdigter te werk gaan om die werklikheid te herkonstrueer op ’n wyse wat opnuut spreek.

3. Verhalende en beskrywende reëls

Van die vroegste wetenskaplikes wat tradisionele heroïese Sothopoësie bestudeer het, het dekades gelede reeds besef dat die “verhalende element” in die gedigte nie ’n blote oordrag van gebeurefeite in gewone alledaagse kommunikatiewe taal is nie. Soos Lestrade (1929:122) etlike jare gelede al opgemerk het, “word daar *gedig* oor ’n roemryke of gewone *daad* in *hoogdrawende* taal waarin die daad in alle *geure* en *kleure* verwoord word” (my kursivering – WJP).

In ’n meer resente ondersoek deur Joubert en Van Schalkwyk (1999:27-47) oor die prysgedig opgedra aan Ratšhatšha, ’n hoofman van die Noord-Sothostam, die Hananwa, word die onmiddellike persepsie van “feitelike” of “verhalende” reëls vertraag deur die volgehoue inkleding met poëtiese boumiddele soos metafore, idiome, ideofone, onomatopeë, naamgewingstegnieke en ritmiese patroonmatighede.

'n Duidelike onderskeid tussen “verhalende” en “beskrywende” reëls wat 'n belangrike kenmerk van hierdie orale poëtiese skeppinge is, is vroeër reeds deur navorsers soos Kunene (1971), Damane en Sanders (1974), Swanepoel (1983) en Pretorius (1989) getref. Die “verhalende element” word ook deur meer resente navorsers soos Rasenyalo (2000:38) as 'n uiters belangrike funksionele aspek van die onderbou van Sotho *dithoko* beskou. Soos sy dit stel, is die funksie van die verhalende element onder andere “... to avoid the impression that the hero is unconditionally glorified without really or physically being involved in heroic events that were undertaken for the benefit of his people”.

4. Werklikheid en patroonmatigheid

Dit is belangrik om daarop te let dat die “verhalende element” in *dithoko* dikwels 'n werklikheidsgrondslag het, maar dat kognitiewe taal en feite gewoonlik verdoesel word deur gedeoutomatiseerde taalgebruik en 'n fiktiewe herskepping van bepaalde gebeure. Sommige van die gebeure is bekend op grond van historiese feite. Tradisionele digters wat die gebeure herhaaldelik opgehaal het, het 'n groot aandeel daarin gehad dat die gebeure nie in die vergetelheid geraak het nie. Die voortdurende verwysings na gebeure het daartoe bygedra dat die gehoor mettertyd 'n bepaalde literêre verwysingsraamwerk of agtergrondkennis opgebou het wat hulle in staat gestel het om literêr gekamouflêerde feite of gebeure in poëtiese konteks te interpreteer. Tradisionele *dithoko* het egter primêr nie 'n historiese gebeuregrondslag nie, maar die prysdigter maak dikwels gebruik van terloopse terugflitse en roep as 't ware met 'n omweg bepaalde historiese feite op. Sodanige verwysings dien desnieteenstaande as 'n bepaalde feitekonvensie, waar die gemeenskaplike kennis van hoorder en voordraer eersgenoemde in staat stel om 'n skakel te vind tussen wat daar gesê word en wat werklik gebeur het. Die rekonstruksie van gebeure in poëtiese konteks is dus gegrond op 'n bepaalde referensiële kode wat op 'n kulturele agtergrond berus en waarvolgens verbande met die werklikheid gelê word.

Die epiese aard van sommige versreëls moet gesien word in samehang met sekere patroonmatighede wat in 'n bepaalde konvensionele raamwerk die strofiese aard van *dithoko* kenmerk. Sommige van die belangrikste komponente van hierdie patroonmatighede, onder andere *stelling*, *uitbreiding*, *ontwikkeling* en *konklusie*, is reeds deur Von Staden (1975) onder die loep geneem. Latere navorsers soos onder andere Pretorius (1989:62) en Joubert en Van Schalkwyk (1999:34) het ook hulle ontledings van prysgedigte binne hierdie raamwerk gedoen. Wat die kenmerkende interaksie tussen verhalende en beskrywende of beeldingsreëls in *dithoko* betref, neem Swanepoel (1983:17) sterk stand-

punt in wanneer hy pertinent daarop wys dat die verhalende element in *dithoko* nie heeltemal dieselfde is as die epiese komponent van die tradisionele Europese digsoort, die ode, nie. Sekere ooreenkomste is deur vroeëre navorsers aangetoon, onder andere deur Lestrade (1937). In die geval van *dithoko* sê Swanepoel: “Narrative is taken up and dropped according to the poet’s need.” Ook Damane en Sanders (1974:34-35) is dit met Swanepoel eens oor die unieke aard van die verhalende reëls in die Sotho-prysgedig wanneer hulle onder meer beweer:

... many stanzas would be merely fragments of a story while alluding to what had happened and would only become fully meaningful when combined with other such fragments to form a coherent sequence ... they are not historical narratives, but poetry with historical allusions ... accuracy and clarity have been sacrificed for the sake of eulogy and aesthetic excellence.

5. Toespeling

Die poëtiese inslag van die verhalende reëls in *dithoko* word in die hand gewerk deur toespeling wat as poëtiese boumiddel die fokus verplaas van blote kommunikatiewe verslaggewing (wat veral die historikus sou interesseer), na ’n meer vervreemde en gedeoutomatiseerde taalgebruik. Toespeling is ’n vorm van intertekstualiteit wat met die verbale eggo’s tussen tekste werk. Die regstreekse verband tussen toespeling as poëtiese tegniek en ’n bestaande literêre tradisie waarin ’n skat van algemene, bekende kulturele waardes en opvattinge verberg is, word deur Cuddon (1980:31) toegelig:

... allusion is usually an implicit reference ... a kind of appeal to a reader to share some experience with the writer ... when using allusion a writer tends to assume an established literary tradition, a body of common knowledge with an audience which shares that tradition and an ability on the part of the audience to pick up the reference ...

Bogenoemde verwysing na bepaalde interpretatiewe vermoëns word in literêre konteks ook dikwels geïnterpreteer as ’n literêre konvensionaliteit wat bepaal of gedomineer word deur ’n bepaalde literêre konvensie. Gekamoefleerde verwysings wat dikwels gepaardgaan met wat in Russies-formalistiese kringe in terme van defamiliarisasie bespreek is, funksioneer in ’n groot mate om ’n sekere estetiese interaksie tussen die voordraer en sy gehoor te aktiveer. Die gehoor word geboei en vasgevang deur die prysdigter se innoverende weergawe van historiese feite. Die aanwesiges reageer gewoonlik met instemmende gebare of tussenwerpsels en word só deelnemers aan die herskepping van

historiese gebeure. Joubert en Van Schalkwyk (1999:29) wys tereg daarop dat die interpretasie van historiese gebeure in dié konteks berus op interdisiplinêre ontledings wat onder andere die voordraer, familie-lede en plaaslike inwoners as aktiewe deelnemers insluit. Vir die prysdigter gaan dit eerder om 'n estetiese konvensie as oor 'n feitekonvensie. Verwysings kan egter ook só gekonstrueer word dat dit tot poli-interpretatiewe moontlikhede aanleiding kan gee.

6. Krygsekspedisie: Letsie

Toespelings plaas tekste binne die tekstuele netwerke wat kulturele tradisies vorm. In die volgende versreëls maak die tradisionele digter gebruik van toespeling op bepaalde historiese gebeure wat tot op hede slegs in enkele historiese bronne 'n baie beperkte ruimte in beslag geneem het. Die “verhalende” reëls word geïnterpreteer as 'n toespeling op 'n krygsekspedisie wat deur die bekende Sotholeier Letsie I in die tydperk 1835 tot 1836 onderneem is. Die poëtiese inslag, asook die historiese ondertoon van die reëls, word hieronder intertekstueel ondersoek.

1. RaLerothodi, phumedi ya Matsie,
 2. Phumedi, a ko phumele Barwanyana,
 3. o phumele Barwa ba Tjhere ba kgutle,
 4. Barwa ba matha ba siya dikokote,
 5. Dikolopata ba di siya morao.
 (“Letsie I” – kyk Mangoaela, 1945:35).
1. Vader van Lerothodi, aanvaller van Matsie,
 2. Aanvaller, val asseblief tog die Boesmantjies aan,
 3. Jy moet die Boesmans van Tjhere aanval, sodat hulle teruggaan,
 4. Wanneer Boesmans hardloop, laat hulle rollende voorwerpe agter,
 5. Skilpaaie, dié laat hulle agter.

Die aanvangsreël is 'n weerspieëling van die konvensionele gebruik waar die aangeprysde as onderwerp of hoofgedagte van die “strofe” aanvanklik geïdentifiseer word deur middel van naamgewing – in dié geval na aanleiding van sy geslagsregister (RaLerothodi, sy seun), asook sy plek van herkoms, Matsieng – ongeveer tien kilometer van die huidige stad Morija in Lesotho.

Letsie en Molapo, die oudste seuns van die beroemde Sothokoning Moshweshwe is volgens Gill (1993:78) van die heel eerste leerders wat deur die Franse sendelinge onderrig is. Haliburton (1977:88) skryf dat die sendelinge nie die viriele jongman Letsie na behore kon beheer nie en dat hy as kryger verskeie beesrooftogte sonder die goedkeuring van sy leermeesters of dié van sy vader, Moshweshwe onderneem het. Ook Bradlow (1977:525) beweer dat Letsie, die oudste seun van Moshweshwe, medepligtig was aan talle oproere wat in die middel van die 19de eeu in Basotholand plaasgevind het.

Reëls 2-5 van die aanhaling hierbo is 'n toespeling op een spesifieke hoogtepunt van Letsie se krygsekspedisies wat berus op historiese gebeure wat gedurende 1835 tot 1836 plaasgevind het. Die omstandighede wat in daardie tydperk geheers het, word kortliks beskryf soos Gill (1993:3) dit opgeteken het:

For thousands of years, the whole of Southern Africa was populated exclusively by Stone Age hunter-gatherers. They are the ancestors of those who are now more commonly known in Lesotho as *Barwa*, that is the San or Bushmen.

Verder ook:

Although Moshoeshe was said to have married two wives from the San ... other forces were at work to destroy independent San communities... a certain racial prejudice had grown stronger with time until most Basotho looked down upon these, the original settlers of Lesotho (Gill, 1993:132).

Reeds uit die aanvangsreël van die aanhaling uit die gedig hierbo word afgewyk van die konvensionele Sothotaalgebruik en woordvorming, waar die naam *Matsie* wat verwys na die regiment van Letsie, ook sinspeel op die nedersetting *Matsieng* en andersyds 'n meervoudsvorming van die persoonsnaam *Letsie* suggereer. In reël 2 funksioneer die diminutief-agtervoegsel *-nyana* in die konteks *Barwanyana* om die meerderwaardige gevoel teenoor die San waarna Gill hierbo verwys, uit te druk. Hierdie gevoel van minagting word ondersteun deur die deontiese aard van die sinne in reëls 2 en 3, waardeur die "aanwesiges" 'n versoek rig tot die aangeprysde om die San te verdryf.

Die woord *dikokote* in reël 4 is gelaai met 'n semantiese dubbelkantigheid en 'n simboliese valensie wat enersyds dui op rollende voorwerpe en andersyds skilpaaie suggereer. In reël 5 word die beeldprogressie 'n stap verder gevoer deur die woord *dikolopata* wat 'n fonologiese aanpassing van die Afrikaanse woord *skilpaaie* is. Dié beelding is verknoop met die tradisionele Sotho-beskouing dat die

skilpad 'n eienskap van huiwerigheid, asook ander kenmerke van minderwaardigheid versinnebeeld. Die prysdigter toon hier 'n opvallende sensitiwiteit vir sy gehoor se repertorium van simboliese konvensies wat weer eens die negatiewe ingesteldheid teenoor die San op die voorgrond plaas.

In sy ondersoek van tradisionele volksverhale beskryf Moephuli (1979:113) die simboliese valensie van die skilpad in die Sotho se tradisionele konteks soos volg: “Kgudu (tortoise) is depicted as a slow, timid character, despised by all animals.”

Die semantiese somtotaal van die poëtiese reëls 4 en 5 is dus dié van 'n mededelingsgeheel met die valensie van 'n poli-interpretatiewe moontlikheid wat eerstens suggereer dat die San lafhartig is of hulleself huiwerig verdedig het teen die Letsie-aanslag en rigtingloos soos skilpaaie rondbeweeg het. Tweedens sinspeel die reëls op die nomadiese leefwyse van die San wat geen vaste of blywende argitektoniese manifestasies nagelaat het nie, maar slegs “rollende”, beweegbare voorwerpe. Die herstrukturering van die woord *skilpad* dra nie alleenlik by tot 'n kreatiewe inwerking op die taalkonvensie of taalsisteem nie, maar lei 'n bepaalde ironiese element in wat weer eens die vooroordeel teenoor die San suggereer.

Die naam *Tjhere* in reël 3 (Damane en Sanders, 1974:4) is 'n fonologiese herstrukturering van *Gert* wat verwys na die leier van die Koranmense, Gert Taaibosch. Hy en sy volgelinge het gedurende 1833-1834 toestemming by Moshweshwe gekry om hulle by Clocolan te vestig. Omdat hulle later nie meer so gewild onder die Sotho-mense was nie, is Taaibosch en sy volgelinge in 1853 aangeval en is die Basotho-grondgebied waarop hulle gewoon het, weer verower. Die poëtiese inslag van veral die laaste twee versreëls steun verder sterk op 'n ritmiese substraat wat gedomineer word deur twee ritmiese eenhede per reël. Met die fungering van parallelisme word dit ook tot 'n ritmiese patroonmatigheid omskep, soos deur die illustrasie hieronder aangetoon word:

<p>Barwa ba ma:tha / ba siya dikoko:te //</p> <p>Dikolopa:ta / ba di siya mora:o //</p>

7. Ndebele-Basotho-stryd

Die volgende poëtiese reëls wat hieronder aangehaal word, fokus verder op die onbeheerste gedrag van Letsie. Weer eens eerbiedig hy nie sy vader se siening nie en roof hy beeste van die magtige Ndebele-mense met wie Moshweshwe ten alle koste vrede wou bewaar. Hierdie

waaghalsige optrede van Letsie het groot byval by die gewone mense gevind, maar optredes soos dié het juis die Ndebeles aangespoor om Moshweshwe, wie se welvaart hulle terdeë begeer het, aan te val.

Die volgende reëls is 'n toespeling op bogenoemde historiese gebeure:

20. Mo-ja-kgomo wa Monyalotsa, leqeba,
 21. Letsie a sa je kgomo tsa Basotho,
 22. Kgomo a e ja tsa Matabele, Letsie,
 23. o jele tsa Tjhopo le tsa Monyalotsa,
 24. Tsa Mashapha di jelwe di na le thoto,
 25. Kgomo tsa mabele a kwana tsa thoba,
 26. Tsa thoba tsa boela ha Mohlapiso.
("Letsie I"; kyk Mangoaela, 1945:35)
-
20. Die Beeseter van Monyalotsa, 'n baanbreker,
 21. Sothobeeste, dié eet Letsie nie,
 22. Hy verslind Ndebelebeeste, Letsie,
 23. Hy het dié van Tjhopo en Monyalotsa geëet,
 24. Mashapha s'n is verorber nog op pad na die weivelde,
 25. Die beeste in die koringland daar verdwyn toe ongesiens,
 26. Hulle glip toe weg en keer terug na Mohlapiso se plek.

Volgens Gill (1993:75) val die Ndebeles Thaba Bosiu, Moshweshwe se fort wat bo-op 'n berg aangelê is, gedurende 1831 aan. Die Sotho's weer die Ndebeles se aanval suksesvol af, aangesien die Sotho's hulleself strategies suksesvol bo-op die berg ingegrawe het. Hulle het swaar rotse en klippe van bo af op die vyand afgerol. Die militêre sukses is deur Moshweshwe gebruik as grondslag vir verdere diplomatieke betrekkinge en hy het 'n groot aantal beeste – ook van dié wat Letsie gebuit het – saam met die onsuksesvolle Ndebelekrygers teruggestuur. Hierdie welberekende stap van Moshweshwe het direk daartoe gelei dat die Ndebeles afgesien het van hulle aanvanklike offensiewe; hulle het die Sotho's nie weer daarna aangeval nie.

Die poëtiese onderbou van die versreëls hierbo word op die voorgrond geplaas deur parallelisme. Dié parallelisme word teweeggebring deur die fungering van werkwoorde met die stam *-ja* (eet) wat in die poëtiese konteks ook "verslind" of "uitoorlê" impliseer, en voorts in opeenvolgende versreëls herhaal word om 'n bepaalde strofiese patroonmatigheid in die ontwikkeling van die gedagtegang vas te lê. So lei reël 20 'n spesifieke

gedagte in, wat in reël 21 uitgebrei en in reëls 22 tot 25 verder ontwikkel word. In reël 26 gaan dit oor na 'n bepaalde konklusie en kondig terselfdertyd die einde van hierdie gedagte-eenheid aan.

'n Treffende voorbeeld van 'n artistieke inkleding van bepaalde feite of gebeure word in reëls 25 en 26 gevind, waar die werkwoord *tsa thoba* (om weg te glip) nie alleenlik 'n vervreemding van alledaagse taalgebruik in dié konteks meebring nie, maar ook daartoe lei dat 'n verdere parallelisme 'n bepaalde ritmiese patroonmatigheid in die hand werk. Bykomstige poëtiese eienskappe word geskep deur bepaalde naam-gewingstegnieke waarmee bepaalde dominante karaktertrekke van die aangeprysde op 'n besondere wyse uitgebeeld word. Name soos *Mo-jakgomo* en *Mohlapiso* dien as voorbeelde in hierdie verband. Ook die naam *Tjhopo* (Damane & Sanders, 1974:70) verwys na die leier van die Gcina-mense, *Tyopho*. Hoewel hulle van Xhosa-oorsprong was, het hulle tussen die Themba-mense gewoon en ondertrou. Ook hulle is in 1835 deur 'n Basotho-ekspedisie aangeval. Die naam *Monyalotsa* is weer 'n fonologiese herstrukturering van die Nguni-naam *Mjaluza*. Hierdie Xhosaleier (Damane & Sanders, 1974:108) het in 1835 van sy tuiste gevlug en hom by Qethoene (Koesberg) tussen die Oranje- en Caledonrivier gevestig. Sy volgelinge het begin om Basotho-mense wat na die Kaapkolonie op pad was, aan te val. Daarom het Letsie en Molapo hom en baie van sy volgelinge in 1836 aangeval en uitgewis. Mashapha was ook 'n hoofman van Nguni-oorsprong, van wie verder min bekend is. Die naam *Mohlapiso* verwys na nog 'n hoofman van Nguni-oorsprong, naamlik Mhlambiso. Hy was die leier van die Hlubistam wat hulle in die loop van 1840 in die omgewing van die latere Wesleyaanse sendingstasie Kamastone gevestig het.

8. Die Seqiti-oorlog

Hoewel Letsie I as viriele jongman aanvanklik besonder gewild onder sy mense was, het sy aansien veral later tydens die Seqiti-oorlog (1865) getaan, veral ook op grond van die feit dat hy nie 'n seun by sy hoofvrou MmaSenate kon verwek nie. Die intensiteit van die tweede OVS-Basotho-oorlog, ook bekend as die Seqiti-oorlog, word soos volg deur Gill (1993:106) opgesom:

Although the Basotho made some daring and spectacular raids into the Free State and captured in one series of raids alone more than 100,000 sheep as well as thousands of cattle, the war went badly for Moshweshwe.

Die volgende reëls van die gedig is 'n toespeling op bepaalde gebeure tydens bogenoemde oorlog en word gekenmerk deur verskeie dimen-

sionele vlakke, wat daartoe aanleiding gee dat 'n rasionele interpretasie daarvan in 'n groot mate vertraag word deur veral beelde wat met semantiese dubbelkantigheid gelaai is:

21. Ke bo-Borane ho tliiwe ka lekwebe,
 22. Ba tliile ka lekwebe ho Ramohato,
 23. Sefako sa dinehella sa matla,
 24. Tladi tsa benya, mello ya bonahala
("Lerothodi"; kyk Mangoaela, 1945:66).
-
21. Dis Brand-hulle wat met aggressie gekom het,
 22. Met aggressie het hulle na Ramohato gekom,
 23. Met kragtige diaboliese hael,
 24. Toe die weerligte blits, het die vure sigbaar geword.

asook:

1. Mohale wa qhoba-sekapa, Matela,
 2. Qhoba sekapa, makoloi a eme,
 3. A sale ka tlase, ka Manyanyetsi,
("Ntwa ya Seqiti"; kyk Mangoaela, 1945:50).
-
1. Held, skaapaandrywer Matela,
 2. Dryf die skape aan, sodat die waens wag,
 3. Hulle moet onder by Manyanyetsi wag.

Die intensiteit van die oorlog word verbeeld deur die "poëtiese" woorde, "ka *lekwebe*" wat 'n toestand van aggressie of kragdadigheid suggereer. Die woord *lekwebe* se gebruik is hoofsaaklik tot prysgedigte beperk. Die fungering van die woord in opeenvolgende reëls plaas dus deur middel van parallelisme sterk fokus op die geweldaspek van die konfrontasie. Die intensiteit word verder gesuggereer deur die metaforiese taalgebruik, waar die hael en blitsende weerligte koeëls en geweervuur suggereer.

Die fungering van die naam *Ramohato* maak sterk aanspraak op die agtergrondkennis en literêre verwysingsraamwerk van die gehoor, aangesien dit die oorspronklike naam van Letsie is wat hy in 1829 tydens sy besnydenis aangeneem het (Bradlow, 1977:525).

Die gebruik van die prysnaam Mogale in die volgende aanhaling wys op die waaghalsige rooftogte waarna Gill (1993) hierbo verwys. Die herhaling van die werkwoordstam *-qhoba* (aandryf) versterk die speelse

inslag van dié reëls wat die “sukses” van die Basothokrygers beklemtoon.

Die naam *Borane* is ’n fonologiese herstrukturering van *Brand* wat na J.H. Brand, ’n voormalige staatspresident van die Oranje-Vrystaat verwys (Van Schoor, 1976:114-121). Hy was gedurende 1864 tot 1866 in ’n militêre stryd met Moshweshwe gewikkel en het verskeie mislukte aanslae op Thaba Bosiu geloods. Brand het later van ’n uithongeringstrategie gebruik gemaak wat Moshweshwe tot vredesklikking gedwing het.

9. Letsie: onproduktief

Haliburton (1977:89) wys pertinent daarop dat Letsie baie halfhartig aan die Seqiti-oorlog deelgeneem het en dat daar beweer word dat hy die meeste van die tyd in die berge geskuil het. Letsie se militêre onbetrokkenheid en die feit dat hy nie ’n seun by sy hoofvrou kon verwek nie, het as inspirasie gedien vir die volgende poëtiese reëls:

36. O tshaba ka hae dipohomela,

37. Llo o tshaba sa motsheo wa ntlo,

.....

39. Ha e sise, ha e na mafi Kotswana,

40. E tswe e le ya ma-hlabana-dintwa,

41. Ha e tswele Mmasenate lebese.

36. Hy vrees die murmereringe tuis,

37. Die weeklaag, hy vrees dit in die binneplein,

....

39. Melk produseer hy nie, die rooibontkoei het nie melk nie,

40. Bowendien is hy ’n krygsgevangene,

41. Hy laat nie melk by Mmasenate uitdrup nie.

Reëls 36 en 37 is ’n toespeling op die feit dat die aangeprysde huweliksprobleme ervaar. Reël 37 dui op die Sothospreekwoord *ngwetsi e ngalla motsheo* wat betrekking het op ’n bepaalde toestand waar ’n bedroefde skoonogter ’n sentrale plek in die huis (*motsheo*) beset, waar sy ongestoord mag sit en haar probleme met die familieledede bespreek. ’n Man mag sy vrou glad nie steur of aanraak wanneer sy haar plek in die *motsheo* inneem nie.

Die aangeprysde in die gedig word daarvoor verwytdat hy ongeneë is om sy huishoudelike probleme te probeer oplos. Dié beskuldiging bereik ’n klimaks in reël 39 waar hy metafories met ’n onproduktiewe melkkoei vergelyk word. Weer eens word ’n dubbelkantige betekenis in reël 39 aangetref. Eerstens sinspeel die woord *melk*, of dan ’n gebrek daaraan, op die militêre onvermoë van die aangeprysde wat hy tydens die Seqitioorlog geopenbaar het. Tweedens verkry *melk* die verdere simboliese betekenis van manlike semen wat onvrugbaarheid suggereer. Die beeldprogressie word in reël 41 verder gevoer met die verwysing na die vrou by wie *melk* nie uitdrup nie – bedoelende ’n vrou wat nie swanger raak nie. Ook die woord *kotswane* wat die vroulike vorm van *kgwebu* is, het in dié konteks ’n dubbelkantige betekenis, wat eerstens op ’n rooibont-os sinspeel en tweedens op ’n ou man.

Die taalgebruik in die poëtiese reëls hierbo hang pragmaties en semanties saam met ’n bepaalde verwysingsraamwerk wat deur sekere gemeenskaplike kodes gedomineer word. Die konsep kode word soos volg deur Lotman (1989:9) omskryf: “... a closed set of meaningful units and rules governing their combination rules which allow for the transmission of certain messages”.

10. Gevolgtrekking

Die ontleding van enkele voorbeelde uit *dithoko* wat as toespelings intertekstueel in samehang met sekere korresponderende historiese gebeure of feite ondersoek is, toon onteenseglik dat sodanige voorbeelde deur ’n bepaalde “literariteit” gekenmerk word wat radikaal van gewone kommunikatiewe taalgebruik verskil. Die poëtiese kwaliteit van die sogenaamde “verhalende” of “feitelike” reëls moet nie alleen gesien word teen die agtergrond van ritme of beeldgebruik nie, maar behoort literêr beoordeel te word in samehang met bepaalde literêre konvensies en kodes.

Bibliografie

- Bradlow, E. 1977. Letsie (Letsea). In: Beyers, C.J. (red.) *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*. Kaapstad : Tafelberg. p. 525-526.
- Cuddon, J.A. 1980. *A dictionary of literary terms*. Ontario : Penguin.
- Damane, M. & Sanders, P. 1974. *Dithoko: Sotho praise-poems*. Oxford : Clarendon.
- Gill, S.J. 1993. *A short history of Lesotho*. Morija : Morija Museum & Archives.
- Haliburton, G.M. 1977. *Historical dictionary of Lesotho*. *African Historical Dictionaries*, no. 10. Metuchen : Scarecrow.
- Joubert, A. & Van Schalkwyk, J.A. 1999. War and remembrance; the power of oral poetry and the politics of Hananwa identity. *Journal of Southern African Studies*, 25(1):29-47.
- Kunene, D.P. 1971. *Heroic poetry of the Basotho*. Oxford : Clarendon.

- Lotman, Jurij. 1989. The concept of convention in literary theory and empirical research. In: D'Haen, Theo e.a. *Convention and innovation in literature*. London : Routledge. p. 1-16.
- Lestrade, G.P. 1929. Iets omtrent die volksoorleweringe van die S.A. Bantoe. *Die Nuwe Brandwag* : 175-182, Maart.
- Lestrade, G.P. 1937. Traditional literature. In: Schapera, I. (ed.) *The Bantu speaking tribes of South Africa*. Cape Town : Maskew Miller. p. 291-306.
- Mangoaela, Z.D. 1945. *Dithoko tsa Marena a Basotho*. Morija : Morija Sesotho Book Depot.
- Moephuli, I.M. 1979. *Structure and character in cyclic folktales of Southern Sotho*. Pretoria : Unisa. (M.A. dissertation.)
- Montgomery, Martin e.a. 1992. *Ways of reading*. London : Routledge.
- Pretorius, W.J. 1989. *Aspects of Northern Sotho poetry*. Pretoria : Via Afrika.
- Rasenyalo, N.G. 2000. *Some aspects of the literariness of traditional Sotho dithoko: A Russian Formalist approach*. Johannesburg : Rand Afrikaans University. (M.A. mini-dissertation.)
- Swanepoel, C.F. 1983. *Sotho 'dithoko tsa marena': perspectives on composition and genre*. Pretoria : Mmuelli.
- Van Schoor, M.C.E. 1976. Brand, Johannes Henricus. In: De Kock, W.J. (red.) *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*. Kaapstad : Tafelberg. p. 114-121.
- Von Staden, P.M.S. 1975. Taalaspekte van die prysgedig in Zulu. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.) *Die kunswerk as taal*. Kaapstad : Academica. p. 161-186.

Kernbegrippe:

dithoko: tradisionele poësie
heroïese poësie in Sotho, verhaalelemente in literariteit
prysgedigte in Sotho-poësie
Sothopoësie

Key concepts:

dithoko: traditional poetry
heroic poetry in Sotho, narrative elements in literariness
praise poems in Sotho poems
Sotho poetry